IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

A

SAAKNOMMER: CC 482/85

PRETORIA
1988-02-03

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 339

(Bladsye 19 303 - 19 367)

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF HERVAT OP 3 FEBRUARIE 1988.

COURT : Before we start, Mr Bizos, reverting to the request that I will make it known when we will not be sitting, the recess will start on 1 April and it will be for a week. So, it is as from Good Friday for a week. We will start again on the Monday following the following week.

MR BIZOS : That would be the 11th.

COURT : Roughly the 11th.

THEMBA CORNELIUS MAZIBUKHO, v.o.e. (Deur tolk)

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : U edele, beskuldigde nr. 14 is nie in die hof nie weens die verlof wat aan hom verleen was gister.

HOF : Dankie, dit word genotuleer.

MNR. JACOBS : Kan u nou vir die hof sê, wat was die "disturbance" wat jy elke keer na verwys het? Wat was die aard daarvan? -- Die "disturbance" wat ek van praat is my medeskoliere wat ŉ bietjie ouer as ek was, is daar gearresteer deur die polisie. Dit is die "disturbance" wat ek van praat wat dan veroorsaak het dat daar nie vrede was nie.

Kan jy onthou waarvoor was hulle gearresteer? -- Nee, ek kan nie meer onthou waarvoor hulle gearresteer was nie.

Is dit nie so dat in September 1981 was daar by die Jordan skool weer moeilikheid gewees en toe is daar huise gebrand en klasse of van die skool ook gebrand nie? -- Nee, daarvan weet ek nie.

Jy is baie seker daarvan? -- Ek weet nie daarvan nie.

Goed, ons sal daarby kom. Op die vergadering van 26 Augustus 1984 ... (Mnr. Krugel kom tussenbei)

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Kom u terug hierop, mnr. Jacobs?

MNR. JACOBS : Op hierdie een nie. Ek is op die oomblik

klaar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

klaar met hom.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : U antwoord op die eerste vraag wat die "disturbance" was, was dat u mede-skoliere gearresteer was deur die polisie. U sê dit was die "disturbance" en dit het veroorsaak dat daar toe nie vrede was nie? -- Ja, by die skool.

Beteken dit dat u die arrestasie self as die oorsaak beskou van die onvrede? -- Ja, want daar was van die kinders gewees wat gesê het omdat die ander skoliere gearresteer is, dat ons nie na die klasse toe moet gaan nie.

Die rede waarom die polisie die kinders gearresteer het, was dit nie die oorsaak - sien u dit nie as die rede vir die onvrede nie? -- Ja, dit is so.

Wat was die oorsaak? -- Ek kan nie meer onthou wat die oorsaak daarvan was dat hierdie skoliere gearresteer was nie.

Maar die skoliere het die skuld op die polisie se skouers geplaas? -- Ja, ek sal sê dit is so omdat die arrestasie van die mede-skoliere as die polisie se skuld beskou was deur ander skoolkinders.

MNR. JACOBS : Net een vraag om daarby aan te sluit. Hoekom het jy dan weggevlug eers en later weer teruggekom? -- Ek het weggehardloop omdat ek nie betrokke wou gewees het in al hierdie dinge wat daar op die skoolperseel plaasgevind het nie, maar terwyl ek nou weggehardloop het, het ek toe onthou dat my boeke agter gebly het by die skool, met die gevolg dat ek besluit het om my boeke daar te gaan haal. Ek het nie onmiddellik teruggedraai skool toe nie. Ek het by 'n plek aangedoen waar ek 'n rukkie vertoef het todat dit 'n bietjie stillerig was. Eers daarna het ek teruggekeer

na/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

na die skoolperseel toe.

Die vergadering van 26 Augustus om daarna terug te keer, u sê dat beskuldigde nr. 10 het ook daar 'n toespraak gelewer. Dit is Bavumile Vilakazi? -- Ja, dit is so.

Nou goed, ons sal nou met sy toespraak handel. Het hy in die toespraak enige aanvalle geloods op die verhoogde huur? -- Dit kan wees dat hy iets daaromtrent gesê het, maar ek kan nie die woorde onthou waarin ek kan sê dat hy dit gesê het nie.

Om dit maklik te maak, kan jy nie onthou dat hy iets daaroor gesê het nie? -- Nee, ek kan nie onthou nie.

Kan jy onthou of hy enigsins 'n woordelikse aanval geloods teen die raadslede en die raadstelsel dat hulle "puppets" is, "puppets" van die regering van die land en dat hulle nie aanvaarbaar is nie? -- Dat hy gesê het dat hulle nie aanvaarbaar was nie, dit onthou ek, maar dat hy gesê het hulle is "puppets" en "sell-outs", dit kan ek nie sê dat hy dit gesê het nie.

Kan jy vir die hof sê hoekom is hulle onaanvaarbaar? -- Hy het dit genoem in dié verband dat hy melding gemaak het van die Ratanda se raadslede wat bedank het as gevolg van die feit dat hulle nie aanvaarbaar was nie.

Maar jy kan nie onthou wat se rede het hy gegee hoekom is hulle nie aanvaarbaar nie? -- Ek kan nie 'n rede onthou wat se rede hy gegee het alvorens hy gesê het dat die raadslede nie aanvaar is nie.

Toe hy verwys het na Ratanda se raadslede wat bedank het, het hy ook gesê dat die Vaal moet ontslae raak van hulle raadslede? -- Hy het gesê as die raadslede van die Vaal ook nie in staat is om hulle pligte uit te voer nie,

kan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

kan hulle ook maar bedank.

En as hulle nie bedank nie, hoe gaan julle dan ontslae raak van hulle, het hy gesê? -- Hy het niks verder gesê behalwe dit wat ek alreeds genoem het nie.

Rina Mokoena is die een vrou wat daar gepraat het, volgens u getuienis. Het sy gepraat dat die vroue moet verenig ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Net ŉ oomblik. Die getuie, as ek reg onthou, het vir die vrou nie ŉ naam gegee nie. As u na die dame verwys wat die kopdoek opgehad het wat gelyk het soos ŉ profeet, dan moet u dit noem.

MNR. JACOBS : Ekskuus, ek is jammer. Die dame met die kopdoek en wat gelyk het na ŉ profeet ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Profetes?

MNR. JACOBS : Of profetes, het sy op daardie vergadering enigsins verwys na die vrou wat moet verenig? -- Ja, sy het.

En dat hulle dan die mans moet ondersteun in die stryd? -- Wat ek gehoor het was dat die vroumense moet verenig onder die organisasie van die vrouens, naamlik VOW.

En dan moet VOW ook vir VCA en die ander organisasies in die Vaal steun in die stryd? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Het sy enigsins in haar toespraak enigiets gesê teenoor die raadslede? -- Ek kan nie onthou dat sy iets van daardie aard gesê het nie, wat eintlik direk gemik was dat dit bedoel is om teen die raadslede te wees nie. Wat ek wel kan onthou is dat sy gevra het wat sy nou moet doen met soveel kinders en met die huur wat verhoog is.

Het sy enige van die raadslede van enigiets beskuldig op daardie vergadering? -- Nee.

Kan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Kan jy onthou of sy gesê het hulle is "puppets" of "sell-outs" van die swartmense? -- Nee, ek onthou nie.

Het sy op enige wyse gepropageer dat daar ontslae geraak moet word van die raadslede op enige wyse? -- Nee, ek het dit nie gehoor nie.

Het daar nog vrouens gepraat op hierdie vergadering? -- Ja, daar was.

Hoeveel was hulle? -- As ek nie verkeerd is nie nog drie behalwe hierdie een wat ons nou van praat.

Van hierdie drie vrouens wat dan nog gepraat het, het enigeen van hulle aanvalle geloods, mondelingse aanvalle geloods teen raadslede en die raadstelsel? -- Ja, daar was.

Wat was gesê in die aanval op die raadslede? -- Wat sy gesê het was dat as hulle nie bedank nie, sal dit beter wees dat hulle besighede geboikot moet word, wat dan sal veroorsaak dat hulle besef dat dit nodig was vir hulle om te bedank.

En as dit nie help nie, wat dan? Wat het sy gesê wat dan van die raadslede? -- Nee, sy het nie gesê nie.

Op hierdie vergadering, was die hele doel nie van die vergadering gewees om die raadslede aan die mense daarso op die vergadering voor te stel as die mense wat die oorsaak was van die huurverhogings nie en wat dit moeilik maak vir die swartmense in die woongebied nie? -- Nee.

Kan jy onthou, ek wil dit aan u stel op hierdie vergadering was die vraag gevra wat gaan gebeur as mense wel voortgaan om die huur te betaal, die verhoogde huur. -- Ek het nie die vraag gehoor nie.

En is die antwoord wat daar gegee was nie dat as daardie vergadering 'n besluit neem, dan is dit 'n besluit van die

vergadering/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

vergadering wat deur almal gehoorsaam moet word nie? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

En enigiemand wat nie gehoor gee aan die besluite nie, sal in die moeilikheid kom en dat die mense minstens beseer kan word? -- Nee.

Het hierdie vergadering enige besluit geneem van mense wat toegelaat - slegs mense wat toegelaat sou word om op 3 September werk toe te gaan? -- Wat gesê was daar by hierdie vergadering was dat daar sekere mense is wat nie toegelaat gaan word om deel te neem aan die wegbly-aksie nie.

Watter mense is dit? Hoe is hulle by die naam genoem? Die naam van die groep? -- Al die mense wie se werk te doene het met die mense se gesondheid. Melding was ook gemaak van die polisie en toe was dit verder gelaat vir die een wat voel dat die werk wat hy of sy doen, is ook belangrik, soveel belangrik dat dit nie gestop kan word nie. Daardie mense sal dan op eie diskresie werk toe gaan.

Is so ꞌn voorstel voorgestel dat ander mense wat belangrike werk doen word aan hulle keuse oorgelaat of hulle gaan werk of nie werk nie? -- Ja, dit is so.

Is daar ꞌn voorbeeld gegee van mense wat sulke belangrike werk doen? -- Daar is nie ꞌn voorbeeld gemaak nie. Al wat gesê was was dat die persone self sal besluit om die keuse te maak na aanleiding van die besluit van die werk wat die persoon doen.

Oor die mense wat met die gesondheidsdienste te doene gehad het, is daar enige beroepe uitgesonder, spesifieke beroepe of is dit net in die algemeen gesê mense wat te doen het met gesondheidsdienste? -- Dit was eers in die algemeen

gestel/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gestel dat mense wat werk doen, wat te doene het met die gesondheid. Daar was toe voorbeelde gemaak van die mense wat na verwys word in hierdie algemene stelling, byvoorbeeld dokters en verpleegsters ensovoorts.

Is dit net van die twee wat voorbeelde gemaak was? -- As ek reg onthou, ja, dit is net die twee wat gebruik is as voorbeelde.

Net vir interessantheid, is daar nie verwys na die kok van die hospitaal ook nie? -- Nee, ek het nie gehoor dat melding daarvan gemaak was nie.

Was daar op hierdie vergadering enige besluit gewees dat net sekere voertuie toegelaat sou word om op die 3de die woongebied binne te gaan? Of in die gebied te beweeg? -- Nee, daar is nie so iets nie.

Daar is nie gepraat oor polisievoertuie nie? -- Daar was geen melding gemaak hoegenaamd van die polisievoertuie nie.

Was daar enige melding gemaak van brandwere? -- Nee, daar was.

Of van administrasieraadwerkers se voertuie? -- Nee, niks was gesê nie.

Of van ambulanse? -- As ek reg onthou, daar was melding gemaak van ambulanse in hierdie verband dat die verpleegsters en dokters gebruik kan maak van ambulanse. Met ander woorde, in daardie sin is daar melding gemaak van ambulanse.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Om hulle self te vervoer? -- Ja.

MNR. JACOBS : Is dit net vir hulle om werk toe te gaan? -- Ja, dit is so.

HOF : Waarom sou 'n dokter nie met sy eie motor na die hospitaal kon ry nie? -- Nee, die ambulanse is hier genoem

as/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

as alternatiewe vervoer vir mense as daar nie ander vervoer was nie.

Ry die dokters daar by julle bus? -- Daar is van die dokters wat nog nie die opleiding voltooi het nie, wat gebruik maak van die huurmotors en busse.

Is dit studente? -- Ja.

Maar wat van die dokters? -- Nee, daardie wat ek van weet sien ek dat hulle hulle eie karre gebruik.

MNR. JACOBS : Die ander mense wat self besluit as hulle belangrike werk doen, die polisie, hulle kon tog nie met die ambulanse ry nie. Wat se vervoer sou hulle gehad het? -- Wat ek gehoor het daar gesê word is dat hulle kan self reël, eie reëlings tref hoe hulle vervoer sal kan kry.

HOF : Watter mense is dit nou? -- Dit was die mense wat gesê was dat hulle op eie sal moet besluit of die dienste wat hulle verrig, van belang is of nie.

MNR. JACOBS : Die volgende aspek wat ek met u wil behandel is die man wat in die vergadering daar stil gemaak was. Jy weet waarvan ek nou praat, nè? -- Ja, ek weet.

As ek u getuienis reg verstaan dan sê die rede wat die vrou aangegee het waarom hy nie kon praat nie, is omdat hy sleg praat van die raadslede? -- Toe die spreker vir die eerste keer begin praat het daar alvorens die vroumens hom in die rede geval het, het die woorde wat hy gebesig het 'n aanduiding gegee dat hy iets te sê gehad het oor die raadslede. So, hierdie vroumens, toe sy hom in die rede geval het, het sy gesê dat die persoon nou gaan sleg praat van die raadslede, terwyl hy self te doene gehad het met die raad in die sin dat hy as kandidaat gestaan het. Dus moet hy vir die mense sê wat sy standpunt is alvorens hy toegelaat word

om/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

om te praat. Dit was miskien die gebruik van die woorde dat ꞌn mens ꞌn verkeerde woord gebruik het vir die beskrywing van hierdie getuienis. Hy wil nou sleg praat van die raadslede.

Wat kon haar enigsins so iets laat dink het dat hy nou wil sleg praat? -- Dit was miskien die woorde wat hierdie persoon eers gebesig het dat hy iets te sê gehad het oor die raadslede.

Maar toe hy begin praat het ter aanvang van sy toespraak, was daar mos nie ꞌn oproer of ꞌn geraas of niks nie. Wat het hy gesê? Sê vir ons. Jy moes dit mos gehoor het? -- Wat ek gehoor het toe die persoon gesê het toe hy opgestaan het daar was dat hy ꞌn inwoner is van gebied 7 en hy sal graag wil hê dat hy iets moet sê oor die raadslede.

Hoe kan ꞌn mens dan sê as hy dit wil sê dat hy wil sleg praat oor die raadslede? -- Ek weet nie, want dit was die woorde wat gebruik was deur hierdie vroumens wat hom verhoed het om verder te praat.

Is dit nie miskien so dat dit is die rede hoekom sy so gesê het dat hy gaan nou sleg praat van die raadslede omdat daar oor die algemeen tot op daardie stadium op hierdie vergadering sleg gepraat is van die raadslede nie? -- Nee, ek weet nie wat haar rede was nie.

Was dit nie so dat daar wel oor die algemeen sleg gepraat was oor die raadslede tot op daardie stadium nie? -- Die huur was daar bespreek by hierdie vergadering voor hierdie man ook begin praat het. Dit kan wees dat dit miskien na aanleiding daarvan is dat die huur bespreek was dat hierdie vroumens toe die indruk gekry het dat die persoon nou sleg gaan praat oor die raadslede omdat die

huur/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

huur bespreek word.

En toe die huur bespreek was, was daar sleg gepraat van die raadslede in die algemeen? -- Ja, in die bespreking in die huur wat gesê is daar van die raadslede is dat hulle nie die werk van hulle behoorlik doen nie. Dit is al ding wat ek kan sê wat toegeskryf kan word aan die sleg praat van die raadslede tot dusver.

Is dit nie so dat hierdie vrou juis gesê het hierdie man moet sleg praat van die raadslede en die raadslede verwerp, repudieer voordat hy toegelaat sal word om te praat nie? -- Nee.

As eniemand sê dit is wel wat sy gesê het, dat hy moet die raadslede repudieer, is dit nie die waarheid nie ? -- Nee, dit is nie die waarheid nie.

Toe hierdie vrou die man onderbreek het en sy nou haar storie vertel het, was die mense opgewonde, kwaad gewees? -- Ek sal nie sê dat hulle opgewonde was nie. Ek sal sê daar was 'n verskil gewees van sienings hierop.

Was party van die mense kwaad gewees? -- Ek sal ook nog nie verder sê dat hulle kwaad was nie. Al wat ek kan sê is, dat hulle gesê het dat hy nie toegelaat moet word om te praat nie.

HOF : U sê dit op 'n baie rustige wyse. Was dit so baie rustig gesê daar op die vergadering of was daar 'n deurmekaar skreeuery? -- Daar was 'n geskreeuery gewees van verskillende punte af in hierdie vergadering. Een het gesê hy moet toegelaat word en dan skreeu 'n ander een van 'n ander punt af en sê nee, hy moenie toegelaat word nie.

MNR. JACOBS : En dit was 'n harde geskreeuery, 'n hele deurmekaarspul? -- Dit was nie gewees dat 'n mens alleen

hardop/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hardop geskreeu het nie. Dit was ŉ geskreeuery van meer as een persoon. Hierdie stemme gelyktydig het die geraas gemaak asof dit ŉ harde geskreeu was.

Party mense het seker opgespring ook? -- Nee, ek sal nie sê dat mense opgespring het nie, want die mense het gestaan daar.

Het die hele gehoor gestaan? -- Nee, daar was wel van die mense wat gestaan het en ander het gesit. Dié wat gestaan het, was ook maar in ŉ groot getal.

Maar in die saal, in die middel van die saal rond, daar het ook mense opgestaan? -- Nee, ek het nie gesien dat daar mense was wat opgestaan het daar nie.

En is dit so dat hierdie deurmekaarspul was so erg dat die voorsitter kon nie slaag by homself om orde daar te kry nie? -- Nee, dit was nie so ŉ groot deurmekaarspul gewees nie. Volgens my waarneming was die voorsitter daar ŉ persoon gewees wat baie sag praat en ŉ persoon wie se stem beskou kan word as ŉ sagte stem.

So, hierdie persoon se stem was so dat hy kon nie indruk maak op hierdie mense se lawaai nie? -- Hy het daarin geslaag alhoewel die mense nie almal onmiddellik stil gebly het nie, maar hulle het op sy versoek gereageer tot ŉ tweede persoon ook opgestaan het en toe iets gesê het. Dit is toe eers daarna dat die mense weer stil geword het.

En in hierdie geskreeuery, stel ek dit aan jou - laat ek dit so stel. Ek stel dit aan jou dat daar was mense wat hom gevloek het, hierdie man? -- Nee, ek het nie ŉ vloekwoord gehoor daar nie.

En die vrou onder andere het ook geskreeu en gesê hy moet doodgemaak word as hy daarso sou praat? -- Nee, ek

weet/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

weet nie daarvan nie. Ek het dit nie gehoor nie.

HOF : Waar het u gesit? -- Aan die linkerkant van die saal om en by in die middel het ek gestaan.

Teen die muur? -- Ja.

MNR. JACOBS : En die man wat stil gemaak was, waar was hy? -- Hy was heel voor gewees net voor die verhoog.

Het hy met sy rug na die mense gepraat? -- Nee, hy het na die gehoor gestaan en kyk.

En die vrou, waar was sy? -- Volgens my waarneming was sy ook in die nabyheid van die deur aan die linkerkant van die saal.

HOF : Naby die deur? -- Naby die deur, ja.

MNR. JACOBS : Was sy in verhouding met jou meer na die agterkant van die saal toe of meer na die voorkant van die saal waar jy gestaan het? -- Ver voor my, heelwat baie naby die voorste gedeelte van die saal.

Was sy nader aan die voorste gedeelte van die saal as die man? -- Dit kon gewees het dat hulle op dieselfde distansie van my af was. Dit wil sê in dieselfde omgewing, behalwe dat die een aan die een kant en die ander een aan die duskant aan my kant was van die saal.

Die vrou, het jy gesien dat sy uitgegaan het later? -- Nee, ek het haar nie gesien uitgaan nie.

Het jy gesien dat hierdie man wat stil gemaak is later uitgaan? -- Nee, ek het hom nie gesien uitgaan nie.

Toe Esau Raditsela daar arriveer het, kan jy vir die hof sê hoe het hulle daar aangekom? Hoe het hy en Edith daar aangekom? -- Ek het eers gehoor dat daar gesing word daar buite. Die lied het aangegaan tot by die ingang van die saal, wat die mense toe stil geword het. Daarna het

ek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ek opgemerk dat die twee persone, Esau en Edith, die saal binnekom saam met ŉ klompie mense. Hulle het ŉ banier saamgebring.

Dit is ŉ klompie jong mense? -- Ja.

En wie het die banier gedra? -- Die jong mense het dit gedra.

En Esau en Edith het niks gedra nie? -- Ek kan nie meer so goed onthou of hulle ook bygedra het tot die hantering van die banier of nie, maar wat ek wel kan sê is dat hulle was ook by die klomp gewees wat die banier gedra het.

Hierdie saal was nou so vol, jy kon self nie ŉ sitplek kry in die saal nie, jy moes gestaan het waar jy was en volgens ek jou getuienis verstaan het, het daar baie ander mense gestaan. Het die groep dan nou sommer net daar by die deur gebly omdat die saal te vol is of wat het gebeur? -- Die klomp het toegang verkry tot die saal en verder dieper ingegaan. Van hulle het tot op die verhoog gekom. Dit wil sê aan die agterkant van die verhoog.

Wie het tot daar op die agterkant van die verhoog gekom? -- Die meeste van die mense wat saam met die klomp daar ingekom het, is die persone wat verbygegaan het en posisie gaan inneem het agter die verhoog. Ek kan net nie sê hoeveel hulle was nie.

Wat het van Esau en Edith geword? -- Hulle was ook daar agter die verhoog gewees.

Kan jy onthou dat Edith het ŉ sonhoedjie of ŉ sonskerm gedra? -- Dit was ŉ soort van ŉ pet as ek reg onthou.

En op die pet het gestaan UDF? -- Nee, ek kan nie meer so goed onthou wat op die pet geskryf was nie. Ek kan wel onthou dat sy ŉ pet op haar kop gehad het.

En/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

En op die pet was geskryf, maar jy kan nie onthou nie? -- Nee, ek het nie soveel ag geslaan op die pet wat sy op haar kop gehad het nie.

En op die banier, wat het op die banier gestaan?-- Op die banier was geskryf VCA en daar was ŉ logo van UDF aangebring.

En in die saal, wat se plakkate was daar in die saal teen die mure gedrapeer? -- Nee, daar was nie plakkate gewees nie. Ek het nie plakkate gesien nie.

Kan jy nie onthou dat daar van COSAS plakkate was of of VCA of UDF nie? -- Nee, ek onthou dit nie. Ek het nie plakkate gesien nie.

Is dit reg jy was vertroud daarmee dat Esau was die vise-voorsitter van VCA gewees? -- Ek het nie geweet presies wat hy eintlik was en wat hy daar by die organisasie beklee het nie. Al wat ek geweet het was dat hy was ŉ voorsitter. Of hy nou ŉ vise-voorsitter was of wat hy presies was, weet ek nie.

En Edith Lethlake, wat was sy in die VCA? -- Ek weet niks nie.

<u>ASSESSOR (MNR. KRUGEL)</u> : Is u klaar met die aankoms van die banier, mnr. Jacobs?

<u>MNR. JACOBS</u> : Ja.

<u>ASSESSOR (MNR. KRUGEL)</u> : Kan ons net verneem, u sê die klompie jong mense, u het later gepraat van ŉ klomp, wat saam met die banier aangekom het by die saal, u sê u het ŉ gesingery gehoor buite? -- Ja.

En toe het die klompie jong mense met die banier ingekom waaronder Esau Raditsela en Edith Lethlake? -- Ja, dit is so.

Wat is ŉ klomp of ŉ klompie? Hoeveel mense? --

Twintig/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Twintig of 'n bietjie minder as twintig persone bymekaar.

MNR. JACOBS : Hulle het ingekom met die banier en wat het toe van die banier geword?

HOF : Ek dag u is klaar met die banier.

MNR. JACOBS : Dit het my nou net bygeval. Ek het vergeet om dit te vra netnou. Wat het van die banier geword? -- Hulle het dit hoog gehou daar aan die agterkant van die verhoog waar hulle gestaan het vir 'n tyd. Op 'n latere stadium het ek gesien dat dit nie meer daar sigbaar was nie. Ek neem aan dat hulle dit neergesit het.

Hoe lank het hulle omtrent gestaan en dit hoog gehou? Tien minute, 'n kwartier? -- Drie tot agt minute was die tyd gewees.

En nadat hulle dit nou nie meer hoog gehou het nie, hoe lank het jy nog in daardie vergadering gebly? -- Dit was 'n baie kort tydjie, want toe dit gebeur het, was dit terwyl die voorsitter besig was met sy opsomming van alles wat daar plaasgevind het.

HOF : Wat som hy op? -- Hy was besig om 'n opsomming te maak van wat gesê was aangaande die resolusies van die vergadering.

En wat het hy dan gedoen met die resolusies? -- Hy het die resolusies gelees wat alreeds bespreek was en na hy dit gedoen het, het hy toe bekend gemaak dat hierdie eerste sessie van hierdie vergadering nou gesluit word.

Ek het nog nie duidelikheid nie. Dit is nie u skuld nie, Ek het net nie 'n mooi prentjie oor die vergadering nie. Is die resolusies een-een gestel en bespreek en aanvaar en dan weer 'n volgende resolusie bespreek en aanvaar en so dwarsdeur of is daar aan die einde van die vergadering

na/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

na ŉ algemene bespreking van alles resolusies gestel en daaroor gestem? -- Wat gebeur het is dat daar ŉ voorstel gemaak is en dan word dit bespreek en dan moet daar gestem word of die vergadering dit aanvaar as ŉ resolusie. En dan later as alles nou klaar gedoen is, dat daar besluite geneem is oor die resolusies, dan het die voorsitter die resolusies weer een vir een gelees aan die gehoor en gesê dit is die resolusies wat julle aanvaar het. Dan sal die mense die hande opsteek om dit te bevestig.

MNR. JACOBS : Op die end van die vergadering toe die voorsitter die resolusies gelees het en die mense hande opgesteek het, het daar toe nog besprekings plaasgevind van die resolusies? -- Nee, niks was verder daaromtrent gesê nie.

Wat is u kommentaar as daar in hierdie hof getuienis gelei was dat Esau Raditsela het daar opgedaag toe die resolusies gestel was aan die gehoor aan die end en dat daar het toe nog besprekings plaasgevind? -- Ek is daar weg voor Esau iets gesê het.

Hoekom antwoord jy nie op die vraag nie? Ek het mos vir jou ŉ eenvoudige vraag gevra. Verstaan jy nie die vraag nie?

MR BIZOS : I submit that the question has been answered.

HOF : Hy sê "Ek is weg voor Esau iets gesê het."

MNR. JACOBS : Ja, maar my vraag aan hom was gewees wat is sy kommentaar op die getuienis dat Esau Raditsela het arriveer by daardie vergadering terwyl aan die end van daardie vergadering die resolusies gelees was en nog ook toe bespreek was?

HOF : Wel, is dit moontlik dat na u weg is, resolusies

gelees/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gelees kon gewees het en bespreek kon gewees het? -- Ek glo, want dit was alreeds bekend gemaak aan die vergadering dat die eerste sessie van die vergadering al gesluit is. Met ander woorde die resolusies is gesluit saam met die eerste sessie van die vergadering.

MNR. JACOBS : En ek stel dit aan u dat Esau Raditsela het daar arriveer voor die einde van die eerste sessie en hy het die voorsitterstoel oorgeneem toe hy daar arriveer het? -- Nee, dit is nie so nie.

En voordat daar oorgegaan was tot die verkiesing van daardie mense van gebied 3 het hy verslag gedoen aan hierdie vergadering waar hy en die ander mense vandaan kom en waar hulle was? -- Nee.

En hy het vir hulle gesê dat hy kom van die ander plekke waar soortgelyke resolusies aanvaar was as deel van die wegbly-aksie en van die opmars? -- Ek sê dit nog dat ek daar weg is voor Esau iets te sê gehad het by hierdie vergadering.

HOF : Kan ek net duidelikheid kry oor wat Esau gedoen het. Toe hy inkom het hy agter gaan staan met die banier, agter die verhoog? -- Ja, hy het heel agter gaan staan saam met die klomp wat saam met hom daar aangekom het.

Hy het nie voor by die voorsitter op die verhoog gaan staan of sit nie? -- Nee.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

THEMBA CLIFTON MAZIBUKHO, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Mazibukho, kan u vir die hof sê, toe beskuldigde nr. 5 voorgestel het - nie voorgestel het nie, toe hy gepraat het omtrent die resolusies wat by die ander plek aanvaar is dat daar 'n

wegbly-aksie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

wegbly-aksie op 3 September moet wees, het hy so ŉ voorstel gemaak aan hierdie vergadering? -- Nee, hy het nie so gesê nie.

Was daar na hy gepraat het daaroor besluit dat daar ŉ wegbly-aksie gaan wees soos jy hier aan die hof beskryf het hoe dat die resolusies aanvaar was? -- Hy het die resolusies van die vorige vergadering wat hy bygewoon het by hierdie vergadering genoem en dit was toe vir hierdie vergadering om te besluit na hy die resolusies genoem het, of hulle dit nou aanvaar of nie.

HOF : Maar het hy so gesê? -- Ja, hy het so gesê dat dit is vir hierdie vergadering om te besluit of hierdie resolusies deur hierdie vergadering aanvaar word.

MNR. JACOBS : Het daardie vergadering toe op daardie stadium ŉ resolusie aanvaar dat daar weggebly gaan word op 3 September 1984? -- Nie onmiddellik nie.

Het enigiemand so ŉ voorstel gemaak dat daar so ŉ resolusie aanvaar moet word? -- Dit was eers na die bespreking en toe besluit was dat dit aanvaar kan word dat dit aanvaar is as ŉ resolusie.

Was dit aanvaar as ŉ resolusie voordat daardie ander persoon gesê het dat hulle moet ŉ opmars hou op 3 September? -- Die vraag is nie vir my duidelik nie. Kan u die vraag herhaal?

Was die resolusie wat u nou sê wat aanvaar is na bespreking dat daar op 3 September ŉ wegbly-aksie gaan wees - het die persoon wat toe voorgestel het dat daar moet op 3 September 1984 ŉ opmars na Houtkop wees, sy voorstel gemaak nadat hierdie eerste resolusie reeds aanvaar is? -- Dit was voorstelle gewees wat gemaak is. Die resolusies is eers geneem by

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die sluiting van die vergadering dat dit aanvaar word as ŉ resolusie van ŉ vergadering.

Verstaan ek jou getuienis nou reg dat gedurende die verloop van die vergadering en die bespreking daarvan is daar geen resolusies aanvaar nie? -- Nee, daar was geen resolusies aanvaar nie tot en met die tyd wat al die voorstelle wat gemaak was bespreek is en dan later aanvaar was as resolusies.

HOF : Ek het nie duidelikheid nie. Dit kan ŉ taalprobleem wees. Ek het van u verstaan netnou dat u vir my vertel dat ŉ voorstel is gemaak, dit is bespreek, daar is ŉ resolusie oor aanvaar, met ander woorde, daar is oor besluit en dan is daar weer ŉ voorstel gemaak, weer bespreek, weer besluit ensovoorts deur die vergadering en aan die einde van die vergadering is die resolusies weer voorgelees? -- Ek het miskien myself nie duidelik gemaak nie. Wat ek sê is dat daar was voorstelle gemaak deur verskillende persone en dan is die vergadering oop gestel vir die mense om nou te besluit dat hierdie dinge bespreek moet word.

Oor al die voorstelle? -- Oor al die voorstelle. Dat die voorstelle nou bespreek word en die voorstelle is toe bespreek en die resolusies is bereik deur daardie bespreking van die voorstelle. Na dit sal die resolusies dan weer gelees word en gesê word kyk, dit is voorstelle wat aanvaar is as resolusies, naamlik die volgende. Dit is hoe dit gewerk het.

MNR. JACOBS : Wie het dan die voorstel gemaak dat daar ŉ wegbly-aksie moes wees wat later opgeneem en bespreek is? -- ŉ Sekere ouerige man wat eintlik na my mening besig was om beskuldigde nr. 5 te kritiseer deur te sê dat hy nie kan

voorstel/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

voorstel dat mense wegbly en nie werk toe gaan en dan sit en niks doen nie. Die beste sal wees om dan te marsjeer na Houtkop toe.

Wat was die aanvanklike voorstel gewees, wat sou die mense doen as hulle op 3 September 1984 wegbly van die werk af? -- Volgens beskuldigde nr. 5 se resolusies wat hy daar gebring het, sou daar "rallies" gewees het wat gehou word op die dag van die wegbly-aksie.

Waar sou die "rallies" gehou word volgens hierdie vergadering? -- Daar was nog nie melding gemaak van plekke waar die "rallies" gehou sal word nie.

Ken u vir mnr. Moraping?

HOF : Ek het dit altyd ŉ u gehad waar u dit ŉ a het.

MNR. JACOBS : Miskien is my spelling dan verkeerd. Ek het dit uit die oorkonde uit so geneem. -- Dit is die ouerige man wat ek na verwys het wat nr. 5 kritiseer het, as ek reg onthou.

Die vraag was ken u hom? -- Ja, ek ken hom.

Waarvanaf ken u hom? Waar kom hy vandaan? -- Ek het hom by hierdie vergadering leer ken.

Het julle daarna saam beweeg, vriende geword, saam gegaan? -- Nee.

Wat was sy voorstel gewees wie moes julle gaan sien by Houtkop? -- Wat hy gesê het was dat die klagtes na die hoër gesag geneem moet word te Houtkop.

Was die besluit dat hierdie klagtes moet geneem word na die raadslede te Houtkop? -- Ja, dit was so besluit. Nie na die administrasieraad, mnr. Ganz nie? -- Wat gesê was was dat die klagtes na Houtkop toe geneem word. Dit is nou die plek waar die raad en die administrasieraad

gevind/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gevind word.

Dit is mos nou maklik. Was dit gesê dit gaan na mnr Ganz en die administrasieraad se mense geneem word of nie? -- Nie by die vergadering nie.

Was daar gesê ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Maar is die woorde hoër outoriteite gebruik of is daar net gesê "ons gaan na Houtkop"? Wat is gesê? -- As ek reg onthou, wat gesê was daar was dat ons gaan die mense sien wat hoër outoriteite is.

Te Houtkop of nie te Houtkop nie? -- Te Houtkop.

MNR. JACOBS : Is daar gesê wie sal die klagtes en hoe sal die klagtes oorgedra word aan die outoriteite? -- Nee, dit was nie gesê nie.

Is daar enigiets gesê van ŉ petisie? -- Ek onthou nie dat daar iets gesê word van die petisie nie. Wat daar bespreek was was die klagtes.

Sal u saamstem as daar net sekere voertuie toegelaat was om in daardie woongebied te beweeg op 3 September, dan sou die outoriteite nie by Houtkop ook kon uitgekom het nie. Is dit reg? -- Nee, ons stem nie saam nie. Die vergadering het nie ŉ keuse gemaak van voertuie watter een sal in die lokasie beweeg en watter een nie.

Is daar bespreek hoe dat julle sal verseker hoe om die outoriteite by Houtkop te kry? -- Nee.

Is dit nie so dat dit gesê is dat die raadslede sal saamgeneem word na Houtkop met die mense wat soontoe gaan nie? -- Nee, dit was nie bespreek nie.

Op 3 September 1984 het u gesê, ons gaan nou daarnatoe dat u het redelik agter aangesluit en u pad vorentoe opgewerk in daardie optog? -- Ja, dit is so.

Hoekom/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Hoekom? -- Volgens my waarneming, het die ouerige mense K1110 daar waar ek aangesluit het nie my pas gehou nie. Dit is hoe ek daarin geslaag het om ver voor hulle uit te kom.

Maar ek verstaan nou nie. Hierdie opmars het mos net een pas gehandhaaf? -- Ja, dit is heeltemal reg, maar wat ek sê is dat die optog se pas was stadiger gewees as my pas wat ek gewoond is om te stap.

Maar ek verstaan dit nog nie. Hoekom gaan u dan vorentoe?

HOF : As hy vinniger stap kan hy nie eintlik agtertoe gaan nie?

MNR. JACOBS : Hoekom ons stel dit dan so. Nadat jy daar voor gekom het, het die pas nog altyd dieselfde gebly as ek dit verstaan. Hoekom het jy dan nie sommer skoon uit die optog geloop nie? -- Ek aanvaar dat ek miskien ook gewoond geraak het aan hierdie stadige pas wat die optog daar behou het. Dit is hoe dit gekom het dat ek maar by gebly het met die pas.

Die rook wat u opgemerk het, was dit 'n digte groot swaar kolom rook daar by die interseksie? -- Nee, dit was gewone rook wat swart was, maar dit was nie vreeslik groot nie.

Was dit groter as 'n huis se skoorsteen wat net rook? -- Ja, vanaf die punt waar hierdie rook opgetrek het was dit groter as dit gewees.

Soveel so dat dit eintlik vir jou opmerklik was? -- Ja, ek kon dit sien.

Jy was seker nuuskierig om te weet wat gaan nou aan, wat se rookkolom is nou hier voor? -- Nee.

Die groep mense wat van voor af gekom het en by julle

optog/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

optog aangesluit het, hoe 'n groot groep was dit gewees? 'n Paar honderd mense? -- Tussen honderd-en-vyftig en twee-honderd sal ek sê was die getal van die mense.

Was hulle ook in 'n optog opgestel? -- Hulle het in ons rigting gestap op dieselfde pad wat ons gebruik het.

HOF : Dit is nie 'n antwoord nie? -- Miskien het ek nie die vraag verstaan nie.

Die vraag was, was hulle ook in 'n optog opgestel? -- Volgens my waarneming was dit net 'n klomp mense wat in ons rigting gestap het en by hulle het hulle iets gehad.

Dit was nie mense wat in die vorm van 'n optog beweeg het nie? -- Dit was mense wat gestap het in die vorm van 'n optog.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Wat bedoel u by hulle het iets by hulle gehad het? -- Ek kon sien dat hulle plakkate hoog gehou het.

MNR. JACOBS : Kon u dit lees? -- Nee.

In hierdie optog van voor af, die mense wat nou kom in die vorm van 'n optog van voor af, dit was 'n lang prosessie gewees, 'n redelike lange, seker ten minste 'n honderd treë? -- Nee, volgens my kon daardie optog nie langer as honderd treë gewees het nie.

HOF : Wel, was dit ongeveer honderd treë? -- Ek skat die lengte daarvan ongeveer vyftig na sestig meter.

MNR. JACOBS : Het hulle op enige stadium tot stilstand gekom voor julle optog? -- Hulle het nie stil gestaan nie. Hulle het wel tot by die voorpunt van ons optog gekom en daar was nie eintlik 'n kwessie daarvan dat ons tot stilstand gekom het nie.

So, hulle het nooit tot stilstand gekom nie? -- Ek

sal/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

sal sê hulle het nie net dood stil gestaan en niks gedoen nie. Op 'n stadium sal ek sê het hulle gestaan in die sin dat 'n persoon wat draai om in die teenoorgestelde rigting weer te beweeg sal vir 'n oomblik in 'n staande posisie wees.

Die hele feit van die ding is, beide van hierdie twee groepe het nooit tot stilstand gekom nie, behalwe vir daardie sekond of wat ook al wat hulle gedraai het? -- Nooit nie.

As ek jou getuienis nou reg verstaan dan sê jy hulle het gekom, toe omgedraai blykbaar in hulle spore? -- Nee, ek sê die persone se omdraai was met die aansluit by ons optog. Nie dat hulle sommer daar as 'n optog weer omgedraai het en na die teenoorgestelde rigting toe gestap het nie. Met die aansluit het hulle omgedraai.

Beskryf vir die hof hoe het hulle aangesluit by julle? -- Soos ek nou aandui aan die hof, dit is die twee voorpunte wat met mekaar ontmoet daar en van die mense wat van voor af kom infiltreer in ons optog, dat hulle nou posisies neem voor die mense wat heel voor was, agter ons voorpunt en behou dan die voorste gedeelte van die mense vanons behalwe die voorpunt van ons wat die hele tyd nog voor was.

<u>HOF</u> : Aangedui met die twee hande ... -- Verskoon my, mag ek iets regstel?

Ja? -- Soos ek nou gedemonstreer het aan die hof het hulle infiltreer in die optog. Daarop het die mense van hierdie ander optog wat by ons van voor af gekom het omgedraai. Dit wil sê die agterste gedeelte wat aan die stert was van hierdie optog wat by ons aansluit, het toe die voorpunt geword vir 'n oomblik van die hele optog waar hulle aangesluit het.

Die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Die aanduiding was met twee hande se vingers so langs mekaar ingevleg.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Dit is nou nie duidelik nie. U sê die agterste mense van die optog wat na julle toe aanbeweeg het? -- Ja.

Die mense wat agter was het omgedraai en toe was hulle vir ŉ oomblik voor? -- Ja.

Hoekom sê u so? -- Ek sê dit want ek kon sien dat hulle nie tot dieper by ons kom infiltreer het by hierdie optog van ons nie. Hulle het toe dus daar onmiddellik omgedraai en die optog het verder aan beweeg.

So, net die oorspronklike leiers van die optog het deurgegaan en voor gebly. Hierdie ander mense het toe nou die voorpunt geword? -- Ja.

HOF : Met ander woorde, sê nou maar die eerste ry of wat van julle optog bly voor, maar daarna is daar ŉ stuk wat bestaan uit die nuwe optog en daarna weer die ou optog? -- Nee, wat ek sê is die volgende. Die voorpunt van die aankomende optog het by die voorpunt van ons optog aangesluit. Dit beteken dus dat die twee voorpunte was toe dan in die middel gewees in die sin dat die mense wat agter die aankomende optog was, in plaas daarvan dat hulle dieper inkom by ons optog, het hulle net omgedraai daar waar hulle was en toe die voorpunt geword om voort te gaan.

Die voorpunt van wat? -- Wat dan die hele optog as geheel nou, na die ander ook aangesluit het, as die voorpunt daarvan was.

Beteken dit nou dat die optog waar u in was , het ŉ voorste ry of wat? Die voorste ry van die aankomende. van die nuwelinge en die nuwelinge sluit by daardie rye aan?

Nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

-- Nie net in die ry nie. Hulle het sommer daar infiltreer by die mense wat heel voor was ingesluit die voorpunt van ons optog.

Nou is die voorstes van die nuwelinge by die voorstes van julle? -- Nee.

Nou sê u die agterstes van die nuwelinge het omgedraai en voor gekom? -- Ja, hulle was toe voor gewees.

Voor die voorstes van julle en die voorstes van die nuwelinge of het die voorstes van julle en die voorstes van die nuwelinge heel voor gaan loop? -- Nee, wat gebeur het soos u beskryf het is reg, maar na die mense nou omgedraai het en toe heel voor was van die hele optog, dit is dié wat agter was by die aankomende optog, het die "marshalls" toe die voorpunte van beide optogte kom verwyder by die punt waar hulle hulleself bevind het nou om hulle weer heel voor te plaas. Dit wil sê heel voor aan die hele optog.

Dan het ek dit reg gehad. Luister nou mooi. Na hierdie samevoeging was die situasie so. Heel voor loop die voorpunte van beide optogte. Daarna die balans van die nuwelinge, daarna die ou optog? -- Ek wil my nie verbind en sê dit is die posisie nie, want ŉ mens kon nou nie meer uitmaak wie is waar nie. Dit kan wees dat van die ou optog se mense ook daar heel voor was ôf nie daar heel voor gekom het nie en of daar ŉ mengsel was van die ou optog en die nuwe optog by verskillende punte daar voor.

Hoe ver was u van voor af dan? -- Ongeveer sestig tot sewentig meter van die voorpunt af. Dit is nou by die ou optog waar ek oorspronklik was.

MNR. JACOBS : Wat het van die plakkaatdraers van julle ou optog geword? -- Hulle is die persone wat ek na verwys

as/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

as ek sê die "marshalls" het die mense toe by ŉ ander posisie gaan plaas heel voor.

Kom laat ons dan net duidelikheid kry. Het die "marshalls" hulle uitgehaal waar hulle nou was heeltemal uit die optog uit? Langsaan gesit as eerste stap? -- Nee, hulle was nie heeltemal uitgehaal uit die optog nie.

Om hulle nou by die voorpunt te kry, moes hulle nie hier uitgeneem wees langs die voorpunt, nuwe voorpunt wat daar was, en nou geneem word weer tot heel voor nie? -- Nee, dit is nie hoe ek dit gesien het nie.

Maar hoe het die "marshalls" hulle uitgehaal? Ek kan dit nie verstaan nie? -- Ek het dit nie gesien gebeur dat hulle die plakkaatdraers uit die optog vat om voor te kom nie. Wat gebeur het is dat hulle, die "marshalls", het die plakkaatdraers gaan soek tussen die mense en sommer deur die optog self met die mense na vorentoe, dit wil sê heel voor beweeg het om hulle daar voor geplaas te kry.

Wat sal jy sê van getuienis wat in die hof aangebied is dat daardie mense is van voor af gebring, daardie voorpunt van die mense wat aangekom het het by die voorpunt ...

(Hof kom tussenbei)

HOF : Kom ons noem hulle nou die nuwelinge.

MNR. JACOBS : Die nuwelinge, dit sal dit makliker maak, dankie. Dat hierdie nuwelinge van hulle voorpunt het by die voorpunt aangesluit met hulle plakkate en die res of die liggaam van daardie nuwelinge het geïnfiltreer van voor af tot min of meer in die middel van julle optog se mense, het so in hulle ingekom. Wat sê jy daarvan? -- Nee, ek stem nie daarmee saam nie. Ek sê die posisie is dit wat ek nou net aan die hof verduidelik het.

Ek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Ek wil dit aan u stel dat daar het nie mense so in 'n optog van voor af gekom nie. Mense wat daar gekom het, het uit die steeg gekom by hierdie interseksie en daarna is 'n deel van hierdie optog ten minste in daardie steeg in waar daardie huis van Caeser aangeval is, Caeser Motjeane? -- Nee, ek stem nie saam met u nie.

Daar op die interseksie en daar waar die steeg is, het jy enige ander mense gesien as julle optog en hierdie nuwelinge wat jy sê wat van voor af gekom het? -- Nee.

Het daar nie mense gestaan daar op die interseksie op die sypaadjies langs die optog nie - langs die teerpad nie? -- Ek het niemand by daardie punt gesien nie.

En as daar iemand was sou jy dit gesien het? -- Ja, indien daar enige mense was sou ek hulle gesien het.

Het jy nie mense gesien kom van die linkerkant af soos jy geloop het, dit is van die stadion se kant af met daardie pad wat aansluit daar by julle pad nie? -- Nee, ek het hulle nie gesien nie.

As daar gekom het sou jy hulle gesien het? -- Ja, as dit gebeur byvoorbeeld terwyl ek in daardie rigting kyk, sou ek hulle gesien het.

Kan ek net duidelikheid kry. Hierdie rook wat u gesien het daar, is dit aan die einde van daardie steeg omtrent wat daar inkom? -- Ek het nie so goed opgelet nie, maar die rook was daar tussen die huise gewees.

Daar in die nabyheid van die steeg? -- Ja, dit is naby die steeg.

En verder op die interseksie self, was daar mense wat daar rondbeweeg het voordat enige groepe aangesluit het? -- Ek het hulle nie gesien nie.

Het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Het jy mense gesien op en af beweeg in daardie steeg op enige stadium vandat jy daardie opgemerk het of voor dit nog en soos jy beweeg het verby daardie steeg? -- Nee, ek het nie.

Kan jy vir die hof sê hoekom het jy dit nie opgemerk nie, want ons het getuienis hier in hierdie hof deur beide die staat en die verdediging dat die mense op en af beweeg het in daardie steeg op die stadium toe die opmars daar verbygegaan het? -- Nee, ek het hulle nie gesien nie.

Kan jy enige rede gee hoekom nie? -- As die mense daar was, moes ek hulle gesien het, want ek was aan die kant gewees. (Getuie dui aan aan die linkerkant)

HOF : Van die optog? -- Ja.

Was u heel links? -- Ek was aan die linkerkant net op die einde van die teervlak. Dit bedoel nie dat ek die laaste persoon was aan die linkerkant nie, maar heelwat naby die einde van die teervlak.

Was daar nog 'n persoon langs u of baie persone langs u aan die linkerkant? -- Daar kon miskien twee of drie persone gewees het nog aan my linkerkant.

MNR. JACOBS : Die oggend vandat jy van jou huis af weg is totdat jy hierso op hierdie punt beland het waar jy nou hierdie rook gesien het, het jy op enige ander stadium kolomme rook gesien op jou roete? -- Nee, ek het dit nie gesien nie.

Om by die punt te kom waar jy aangesluit het, moes jy deur gebied 7 gaan? -- Nee, ek het net langs gebied 7 verby gegaan.

Weet jy waar is die onderwyskollege wat hulle ook partykeer noem Venters? -- Ja.

Het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Het jy nie daar rookkolomme gesien nie? -- Nee, ek het nie.

HOF : Het u met Selbourne Road geloop die oggend toe u gaan aansluit het? -- Nee, ek gebruik nie Selbourne Road nie. As ek reg is kom ek deur by Sebenzile Road. Dit is waar ek aangesluit het.

Is dit nie Nyembezi Road nie? -- Dit kan Nyembezi dan wees, want daardie straat is in twee verdeel. By 'n punt verander die naam. Ek gaan net by die duskantste punt verby, maar dit is nie Selbourne waar ek verby is nie.

Aan die westekant is hy Selbourne en dan weer na die oostekant toe word hy Nyembezi? -- Ja, dit is die waarheid, maar ek het nie gebruik gemaak van daardie pad nie.

Nie van daardie pad nie, watter naam ons hom ook al gee, u het nie gebruik nie? -- Behalwe om dit te kruis, om by die pad te kom wat my na die bushalte toe neem te Masenkeng het ek nie daardie pad gebruik nie.

Maar het u nie aangesluit voordat die optog sy draai gemaak het nie? Dit is nou uit Selbourne uit in die rigting van sê maar gebied 12? -- Nee, ek het aangesluit na die optog die draai gemaak het en ek het aan die agterkant van die optog aangesluit.

Het u deur die stuk grond geloop om aan te sluit waarop Masenkeng geleë is? -- Ja, deur daardie oop stuk veld naby die stadion.

Nee, ons is nog nie bymekaar uit nie. Ek weet wat u bedoel. U het gekom vanaf die rigting van gebied 3 en u is by die Evaton stadion verby? -- Ja.

En toe het u aan watter kant van die stadion verbygegaan? -- Aan Venters se kant.

Is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Is u tussen Venters en die stadion deur? -- Ja, dit is so.

Toe kom u by Masenkeng uit? -- Ja.

Toe is u oor Selbourne of Nyembezi Road? -- Ja, net by die T-aansluiting gaan ek by Nyembezi of Selbourne verby voor ek by Masenkeng kom.

Was die optog nog besig om oos te beweeg of was die optog al besig om suid te beweeg toe u by hom aansluit? -- Suid.

Weet u waar is Vilakazistraat? -- Ek ken nie die strate by name nie. Ek ken miskien die pad, maar ek weet nie wat die naam van die pad is nie.

Was die hele optog al suid gedraai toe u by hom aansluit? -- Ja.

Was sy agterpunt al ŉ hele ent weg van Selbourne Road af? -- Ek sal sê dit is so, ongeveer tien meter uit Selbourne.

<u>ASSESSOR (MNR. KRUGEL)</u> : Ek sien u dra ŉ horlosie? -- Ja.

Hoe laat het u by die optog aangesluit? -- Nee, ek kan nie meer sê hoe laat dit was nie, maar ek skat dit was na 09h00.

<u>MNR. JACOBS</u> : Het u ŉ persoon geken met die naam van Moses Thule? -- Nee.

Op 10 Mei 1981 en by Jordaan Skool wat jy op daardie stadium bygewoon het, was daar ŉ vergadering gehou waar daar ŉ AZANYU bestuur verkies was? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

En ek stel dit aan jou dat Moses Thule was daar verkies as die president van hierdie AZANYU tak op hierdie skool? -- Ek ken hom nie eers nie. Ek weet nie wie die Moses Thule is nie.

En ŉ persoon met die naam van Maele Dolo?

<u>HOF</u> : Dit is nie dalk Dolo Maele nie?

MNR. JACOBS/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MNR. JACOBS : Dit kan ook anders om wees. -- Ek ken die persoon.

Hy was daar verkies as die sekretaris van AZANYU? -- Ek weet nie.

Was hy daardie tyd saam met jou in die skool? -- Nee.

Masinga Radebe ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Laat ons net duidelikheid kry. Was u in Mei 1981 in daardie skool? -- Nee.

MNR. JACOBS : Waar was jy in die skool? -- Ek het nie meer skool gegaan daardie tyd nie.

Wanneer het jy matriek gemaak? -- 1980.

Waar? -- Musi High School, Soweto, Johannesburg.

Wanneer het jy die skool verlaat om daar skool te gaan? -- Ek het in Musi High begin in die jaar 1979.

En voor dit, waar het jy toe skool gegaan? -- Jordan High School.

En in 1981, waar het u gewoon? Mei 1981? -- Evaton.

En ek stel dit aan u dat terwyl u in Evaton gewoon het, het u deel gehad aan die stigting van AZANYU tak hierso en waar jy gekies was hierso as onder-voorsitter? -- Glad nie. Ek weet nie daarvan nie.

Ek wil dit ook aan u stel dat vanaf 28 Mei 1981 tot 31 Mei 1981 het u saam met beskuldigde nr. 5, dit is mnr. Malindi, Lucky Samuel Twala het julle die kongress van die Media Workers Association te Wilgerspruit bygewoon? -- Nee.

En ek wil dit ook aan u stel dat vanaf die tydperk 9 Desember 1982 tot 12 Desember 1982 het - op daardie stadium wil ek dit aan u stel was u een van die organiseerders van COSAS in die Vaal? -- Nee.

En ek wil dit aan u stel dat ook Isaac Tseko Johnson

was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

was ook ŉ mede-organiseerder vir COSAS in die Vaal oor daardie tydperk 1982? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

En ene - ken jy vir hierdie Isaac Tseko Johnson? -- Ja, ek ken hom.

Is dit reg, hy het ook baie te doen gehad en gehelp met die organisering van die jeugorganisasie in die Vaal, die stigting daarvan? -- Ja, dit is so.

Was hy ook een van die lede van die gebiedsmense wat moes organiseer? -- Hy was een van die persone teenwoordig by daardie vergadering wat van ŉ spesifieke plek af gekom het.

Watter gebied het hy verteenwoordig? -- Hy het in gebied 13 gewoon.

En dan ŉ derde persoon wat ook oor hierdie tydperk ŉ organiseerder was van COSAS was James Lekhule? -- Nee, ek ken hom nie.

En ek wil dit aan u stel dat op hierdie datum wat ek genoem het 9 Desember 1982 tot 12 Desember 1982 het u en ander mense uit die Vaal uit die kongres van COSAS in Durban bygewoon? Wentworth Durban? -- Nee, was nie daar nie.

Ek stel dit aan u dat u was saam met Jesiah Tsietsi Mokatsanyane ook bekend as Speech? -- Nee.

Ken u hierdie mnr. Mokatsanyane? -- Ja, met die naam van Speech. As u die naam Speech gebruik dan ken ek hom.

Watter organisasies het hy in gedien hier in die Vaal? -- Ek weet nie.

Het hy ook te doen gehad met die organisering van die jeug in die Vaal? -- By die vergaderings wat gehou was, waar ek teenwoordig was, het ek hom nie gesien nie.

Dan ŉ volgende persoon wat saam was, is Khuzanu

Bonane/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Bonane Mafa? -- By die vergaderings waar ons teenwoordig was met die oog op die stigting van die jeugorganisasie, was daar ŉ persoon gewees met die naam van Mafa.

Kan u vir die hof sê, is daar twee broers wat Mafa is? -- Nee, ek ken net hierdie persoon met die naam van Mafa. Die ander naam waaronder hy bekend was, was Fisto.

Watter gebied het hy verteenwoordig op die vergaderings? -- Ek is nie meer so seker nie. Dit kan wees dat hy ook van gebied 13 was.

Dan was daar ŉ ander persoon wat saam met julle was, ek stel dit aan u, na Durban na die COSAS kongres toe en dit is Jerry Pelamotse Tlhopane. Dit is beskuldigde nr. 14 hier by die hof? -- Nee, ek was nie Durban toe nie. Ek weet nie wie almal daar was nie.

Het jy vir mnr. Tlhopane, beskuldigde nr. 14, geken? -- Ja, ek het hom geken.

Vanwaar? -- Van Jordan High School.

Het julle saam skool gegaan? -- Hy was saam met my in dieselfde klas.

En was hy ŉ lid van COSAS gewees? -- Nee.

Het hy ook gehelp met die organisering van hierdie jeug daar in die Vaal? -- Ek het hom nog nooit gesien by al die vergaderings wat ek bygewoon het nie.

Weet u aan watter organisasies het hy behoort in die Vaal? -- Nee, ek weet nie.

Ek wil dit ook aan u stel dat Tseko Johnson, die persoon wat ons alreeds genoem het, wat saam met jou mede-organiseerder was van COSAS het ook hierdie kongres bygewoon saam met jou? -- Ek weet nie.

En dan die ander persoon wat daardie kongres saam

met/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

met julle bygewoon het is Amos Malindi. Ken jy hom? -- Ja, ek ken Amos Malindi.

Vanwaar? -- Hy is die broertjie van beskuldigde nr. 5.

Het hy ook te doen gehad met die organisering van die jeug in die Vaal? -- Nee.

Was hy in COSAS gewees? -- Dit kan wees, ek weet nie.

Ek wil dit ook aan u stel dat gedurende Augustus 1984 het u en ander mense wat ek nou die name vir jou sal gee uit die Vaal saam gegaan en die eerste herdenkingsjaar van UDF bygewoon, daardie vergadering in Johannesburg?

HOF : Johannesburg of Lenasia?

MNR. JACOBS : Lenasia eintlik? -- Nee, glad nie.

Ek stel dit aan u, u het gegaan saam met die volgende mense. Die eerste is Edith Lethlake? -- Nee.

Petrus Malindi, dit is beskuldigde nr. 5 voor die hof? -- Nee.

Sam Matlole, beskuldigde nr. 17? -- Nee.

Speech Mokatsanyane? -- Ja.

Chipa Motubatsi? -- Ja.

Ken jy vir Chipa Motubatsi? -- Ja, ek ken hom.

Is hy ook van die Vaal? -- Ja.

Uit watter gebied is hy? -- Gebied 7.

Was hy betrokke by die organisering van die jeug in die waarby jy betrokke was? -- Ja.

Het hy gebied 7 verteenwoordig op daardie groep van julle? -- Hy was een van die mense wat in gebied 7 gewoon het.

Het hy kom verslag doen oor gebied 7 se aktiwiteite? -- Ja.

Dan was daar ook wat saam met julle gegaan het, stel

ek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ek dit aan jou was mev. Martha Oliphant? -- Nee.

Dorcas Raditsela? -- Nee.

Esau Raditsela? -- Nee.

En dan Simon Vilakazi? -- Nee.

Ken u vir mnr. Simon Vilakazi? -- Ja, ek ken hom.

Het hy ook deelgeneem aan die organisering van die jeug daar in die Vaal? -- Ja, hy was ook betrokke. Ek onthou.

Watter gebied het hy verteenwoordig? -- Gebied 3.

Het hy ook verslag gedoen oor wat hy gedoen het in gebied 3 om die jeug te organiseer daar? -- Ja, hy het verslag gedoen daar.

Het jy ŉ persoon met die naam van Joseph Sithole geken? -- Ja, ek het hom geken.

En waar was Joseph Sithole vandaan? Watter gebied? -- Ek weet net nie by watter gebied hy gewoon het nie.

Is dit reg hy was ook baie aktief in die organisering van hierdie jeug in die Vaal saam met jou? -- Nee.

En wat meer is, ek wil dit aan jou stel, hy was ŉ lid van die Vaal Youth Congress? -- Ek weet nie daarvan nie. Ek dra geen kennis van so ŉ organisasie nie.

Kan jy onthou dat hy in die onluste gedurende 1984 September tot sterwe gekom het? -- Ja, ek weet.

Het jy sy begrafnis bygewoon? -- Nee.

U sien, ek wil dit aan u stel dat hy was op daardie begrafnis van hom begrawe onder die banier van Vaal Youth Congress? -- Ek weet nie van die bestaan van so ŉ organisasie nie.

Ek wil aan u toon BEWYSSTUK AAU3. Dit is ŉ foto van sy begrafnis waar sy kis daar is en dit is die banier waaronder hy begrawe is en duidelik staan dit daar Vaal Youth

Congress/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Congress. Jy wil vir die hof sê daar het nie so 'n organisasie bestaan nie? -- Nee, daar was nie.

Hoe is dit dat jy dit nie weet nie. Jy is dan 'n man wat georganiseer het vir so 'n organisasie, vir 'n jeugorganisasie? -- Ek weet nie waarvandaan dit kom nie. Ek het nog nooit gehoor van die bestaan van hierdie organisasie nie.

MR BIZOS : May I remind your lordship that there is a zone mentioned on that name on the photograph. Zone 14.

MNR. JACOBS : Het jy kennis gedra dat daar in Bophelong 'n tak of 'n liggaam bestaan het bekend as Bophelong Youth Congress? -- Nee.

Ek stel dit aan u op 27 November 1983 het daar reeds so 'n liggaam bestaan wat aktief aan die politiek daar deelgeneem het in die Vaal? -- Ek het nog nooit vantevore van die bestaan van hierdie organisasie gehoor nie.

Weet jy daarvan dat daar op 27 November 1983 'n protesvergadering gehou was wat georganiseer was deur die VCA teen die verkiesing van raadslede wat in daardie selfde maand sou plaasgevind het? -- Ek het nie gehoor van hierdie vergadering nie.

Ek wil net aan u toon dat op hierdie vergadering, 'n foto wat geneem is van 'n banier wat op hierdie vergadering vertoon was. Dit is BEWYSSTUK CA9, waar dit op staan Bophelong Youth Congress? Die verkorting daarvan is BOYCO? -- Ek sien dit hier, ja, maar ek weet nie daarvan nie.

Maar ek kan dit nou nie verstaan nie, hoe is dit moontlik, u en beskuldigde nr. 5 en ander het spesifiek georganiseer om in die hele Vaal jeugorganisasies op die been te bring en u weet niks van hierdie organisasie af nie? -- Nee, ek weet niks hiervan nie.

Ek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Ek wil dit aan u stel dit is ŉ onmoontlikheid as ŉ mens gaan organiseer in die woongebiede vir die jeug om een groot organisasie te kry dat u sou kennis gedra het daarvan of ten minste kennis gekry het? -- Nee, ek het nie hiervan geweet nie.

Ek stel dit aan u dat u is besig om baie dinge vir die hof te verswyg, want hierdie Bophelong Youth Congress het tot stand gekom juis as die organisasie wat julle almal daar gedoen het in 1983 al? -- Daar was geen organisasie wat gestig was by daardie tyd nie. Mense van Bophelong, Boipatong of Sharpeville, geen van daardie mense was teenwoordig by die vergaderings wat ons gehou het nie.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

K1111 THEMBA CLIFTON MAZIBUKHO, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Ek wil u ook net verwys na ŉ paar ander bewysstukke. Die eerste is BEWYSSTUK AN8. Dit is ŉ dokument wat gekry was by UDF Transvaal in Johannesburg. Blykbaar bestaan hy uit twee dele. Die eerste deel "sheet 1" is twee bladsye en dan "Sheet 2 Vaal Case Study" is die opskrif daarvan. Bladsy 7 van "Sheet 2" onder die opskrif "Weekend 22-23/9." . Daar staan die volgende "The funeral for Joseph Sithole was held on Sunday, 23rd. Sithole who was a member of the Vaal Youth Congress died in the Sebokeng Hospital after allegedly being beaten up by shopkeepers when he was sent shopping by his family on Sunday morning." Hier word uit die geledere van UDF se kantoor weer bevestiging verkry dat daar ŉ Vaal Youth Congress bestaan het en dat mnr. Sithole ŉ lid van die Vaal Youth Congress is? -- Ek weet nie waarvandaan die inligting gekom het nie.

Jy/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Jy sien, ek wil dit aan jou stel, jy is nie baie eerlik met die hof nie, want daar het 'n Vaal Youth Congress tot stand gekom wat baie aktief was? -- Nee, die organisasie was nie gestig nie. Ons het net daarvan gepraat.

Het jy daarvan kennis gedra dat daar in Boipatong 'n jeugorganisasie bestaan het? -- Nee.

Want BEWYSSTUKKE AN9 en AN10 is dokumente wat uitgegee is gesamentlik deur Bophelong Youth Association en Boipatong Youth Organisation en dan ook Bophelong en Boipatong Civic Association. Kan jy aan die hof verduidelik dat dit moontlik is dat julle en u in die besonder wat so georganiseer het vir die tot stand koming van 'n jeugorganisasie in die hele Vaal as 'n geheel nie eers bewus was hiervan nie? -- Ek weet nie van die bestaan van dit nie. Sover ek weet, indien daar so iets gestig was, sou ek in kennis gestel gewees het.

Wie sou jou in kennis gestel het? -- Ek sou daarvan geweet het want ek was self betrokke in die organisering van die hele ding. Indien ek nie kennis daarvan gehad het nie, en beskuldigde nr. 5 miskien daarvan geweet het, sou hy, beskuldigde nr. 5, my daarvan laat weet het.

Is dit ook korrek dat julle het in die hele Vaal georganiseer om so 'n organisasie tot stand te bring? -- Soos ek alreeds gesê het, teenwoordig daar by die vergaderings van die organisasies was Evaton en Sebokeng se mense alleen. Die ander plekke, Bophelong en Sharpeville, was nie daar verteenwoordig nie.

Het julle enigiets gedoen om Bophelong en Sharpeville en Boipatong te gaan? -- Nee, ek het niks gedoen daaromtrent dat daar persone moet wees wat van die plekke af gekom het nie.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Was julle nie geïnteresseerd om hulle in te trek in hierdie organisasie van die jeug nie, dit is Boipatong, Bophelong en Sharpeville nie? -- Ons was geïnteresseerd gewees.

Dan sou julle mos iets gedoen het om na daardie mense toe te gaan? -- Dit het nog nie gebeur dat daar iemand afgestaan word wat afgevaardig is om daar te gaan werk nie.

En ek wil dit hier stel dat hierdie twee organisasies in Boipatong en Bophelong het tot stand gekom as gevolg van julle arbeid, waar jy ook betrokke was en as deel van die heel groot liggaam die Vaal Youth Congress? -- Nee, ek weet nie daarvan nie. Ek weet nie eers van die bestaan van die Vaal Youth Congress nie.

En ek wil dit ook aan u stel dat in die besprekings op die vergaderings wat julle gehou het was dit voorgestel dat so ŉ organisasie van die jeug wat julle op die been moet bring moet bekend wees as die Vaal Youth Congress? -- Nee.

HOF : Het julle nie gedink aan ŉ naam nie? -- Nee.

Maar het jy gehoor dat daar in Soweto ŉ Soweto Youth Congress tot stand gekom het? -- Ja, ek weet.

Het jy geweet dat daar in Port Elizabeth ŉ PEYCO tot stand gekom het? -- Ja, van lees uit die koerantberigte.

En ŉ AYCO in Atteridgeville en Saulsville? -- Nee, ek glo nie ek weet daarvan nie. Ek weet nie so baie daarvan nie.

En ŉ MAYCO in Mamelodi? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

MR BIZOS : AYCO is Alexandra rather than Atteridgeville. I do not think it matters.

COURT : I am sorry.

MNR. JACOBS : En as beskuldigde nr. 5 vir hierdie hof

sou/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

sou gesê het dat op die vergaderings was daar voorstelle en dat daar twee moontlike name voorgestel was, een is Vaal Youth Congress of die ander as ŉ moontlikheid Vaal Youth Organisation, wat sê jy dan daarvan?

HOF : Wie sê so sê u?

MNR. JACOBS : Beskuldigde nr. 5. Die verwysing is volume 208 bladsy 10 954. -- As hy dit gesê het, dan sou dit gesê gewees het in my afwesigheid. Dit was nie met my bespreek nie. Ek sal dit ontken.

Wil jy hê die hof moet nou aanvaar dat mense sal besluit oor die moontlikheid van twee name en nooit in jou teenwoordigheid praat oor dié moontlikheid nie en veral ŉ man soos beskuldigde nr. 5 met wie jy so intiem saam verkeer het oor hierdie organisasie? -- Daar was hoegenaamd geen name voorgestel nie. Wat wel gesê was is dat die dag wanneer dit nou nodig is om ŉ naam te gee aan hierdie organisasie, die mense daar teenwoordig wanneer dit nodig word sal dan besluit op die naam.

Dan is daar net nog een aspek wat ek met u wil behandel. Weet u van enige leiers wat in die Vaal aangestel was om met die administrasie in die Vaal te gaan onderhandel oor die mense se klagtes? -- In die Vaal? Waarvan praat u as u sê die Vaal?

In die Vaaldriehoek, in die woonbuurtes? -- As u miskien praat van hierdie organisasie, soos byvoorbeeld VCA, dan sou dit die VCA gewees het wat namens die mense sou opgetree het en dit geld ook vir die Evaton Ratepayers Association.

Weet jy dat daar so ŉ opdrag van die gemeenskap was en dat leiers van die gemeenskap met die administrasieraad moes gaan onderhandel oor die klagtes van die mense? --

Nee/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Nee, ek onthou dit nie.

Jy het dit ook nie gehoor in die woonbuurtes nie? -- Nee, dit was nog nie bespreek nie.

Was dit op die vergadering van 26 Augustus 1984 aan die gehoor daar gerapporteer dat die leiers van die gemeenskap nie daarin kon slaag om ŉ onderhoud te kry met die administrasieraad nie? -- Nee, ek het dit nie gehoor nie.

Is dit nie daar toe gesê omdat die administrasieraad weier om hulle te sien dat daarom moet daar ŉ wegbly-aksie wees en dit is die rede vir ŉ wegbly-aksie nie? -- Nee.

Was daar ook nie so ŉ persepsie in die woongebiede nie? -- Nee, daar was.

U sien, ek wil u verwys na ŉ onderhoud wat gevoer was met ŉ verteenwooriger van die Vaal Civic Association met ŉ verteenwoordiger van SASPU National en waar die woordvoerder van die Vaal Civic Association sekere stellings en uitlatings gemaak het. Ek wil verwys na BEWYSSTUK W32. Dit is in volume 6. W32 is ŉ SASPU National gedateer Desember 1984 gevind by Enoch Godongwane en so is dit erken.

HOF : By KwaThema?

MNR. JACOBS : By KwaThema. Ek wil verwys daar na bladsy - op bladsy 13 word dit aangedui dat daar ŉ onderhoud gevoer word met ŉ persoon uit die Vaal, ŉ spreker van die Vaal Civic Association en dan op bladsy 14 wil ek net ŉ sekere deel aan die getuie uitwys in die eerste kolom op bladsy 14. Dit is daar van die derde paragraaf af. Die vraag wat gestel word is "You talk quite a bit about the development board about the developing of the Vaal Civic." Dan kom die antwoord "People have long been mobilising to counter the problems they face. The sudden upsearch in anger

came/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

came from the introduction of high rentals without the discussion with the people. The people mandated their leaders to meet the development board to iron these issues." Dit is die eerste punt wat ek netnou gemaak het by u. "When this was unsuccessful, the people called for a stay-away from work against the rent increase. 99% of the community stayed away that day. Even those who elected the councils stayed away, which shows the extent of the people's frustration. We resolved to march peacefully to the development board offices with our mandated delegation to discuss the issue. Instead of the board opening its doors, it acted in the same way as the councillors. No communication, no discussion. They closed the doors by bringing the police force in to stop the march. They batten charged us and that is where the problem started." Stem u saam dat in hierdie stuk word te kenne gegee dat daar was 'n mandaat gegee aan leiers om met die administrasieraad te gaan onderhandel en dat die administrasieraad geweier het om dit te doen en dat hulle onsuksesvol was? -- Ek het nog nie vantevore daarvan gehoor nie. Ek het eintlik geen kennis daarvan gehad nie.

Dan net een aspek wat ek daarby wil aansluit. Toe die mars daar uitmekaar gejaag was, het die polisie die mense storm geloop met knuppels? -- Ek kon nie sien of die polisie enige knuppels gehad het nie.

En hier word ook niks gepraat dat die polisie wel traanrook en selfs lewendige ammunisie gebruik het nie of rubberkoeëls? -- Die geluid van die skote wat gevuur is, het aangedui dat daar ammunisie gebruik word. Wat die traangas betref, het ek self dit gevoel in my oë in.

Ek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Ek het ook die rubberkoeëls gesien.

Ek wil jou net nog na een bewysstuk verwys. Dit is BEWYSSTUK W60. Dit is in volume 10. U edele, die erkenning was dat hierdie was gevind by Amanda Kwadi en hierdie is 'n dokument met voor op prentjies, maar daar staan op "Repression in a time of reform" en as 'n mens na die tweede bladsy kyk dan sien 'n mens dit is uitgegee deur UDF, Black Sash, Transvaal Indian Congress, Transvaal Anti-PC, Johannesburg Democratic Action Committe, DESCOM, Detainees Parents Support Committee, Human Awareness Program te 42 De Villiersstraat, Johannesburg. In die dokument wil ek u net na een passasie verwys op bladsy 25. Die opskrif heel bo daar "Rent anger erupts Monday, 3rd September." Daardie eerste twee paragrawe wil ek net aan jou lees. "2,000 Sebokeng residents decided to march to the Houtkop administration offices and invite the Lekoa Town Council to join them. On their way to the administration board offices they stopped at the home of councillor Motjeane and asked him to join them. Instead he allegedly opened fire on the crowd, hitting two people." Wat het jy te sê op hierdie feitlike posisie wat hierso gestel word, die eerste dat daar was 'n besluit geneem in die Vaal dat die raadslede van Lekoa gevra was om saam met julle te gaan Houtkop toe? -- Ek ontken dit. Ek weet nie daarvan nie.

Was daar nie so 'n besluit geneem nie? -- Nee.

